EREDIENSTE KAN BAIE BETEKEN

JOH 20:19-31

‘n Erediens kan beskryf word as **‘n ontmoeting tussen God en sy volk** – byna iets soos wat daardie aand, lank gelede, tussen Jesus en sy dissipels plaasgevind het. Die **waarde** daarvan kan opgesom word in die 5 woorde *vrede, geloofsversterking, blydskap, boodskap* en *toerusting*.

1. VREDE
Die dissipels was hoogs **benoud.** Ons kan hulle dit ook nie verkwalik nie. Hul leier is deur die owerhede gekruisig. Hulle kan volgende wees. Hulle sluit die deur agter hulle, maar hulle sou ook nie vir altyd kon wegkruip nie.
Hulle was bes moontlik ook **vol verwyte** teenoor mekaar en teenoor hulleself. Dit is baie keer die geval na iemand se dood.
Skielik **verskyn** Jesus tussen hulle. Hy *ontmoet* hulle daar waar hulle was. Kom Hy hulle die **leviete voorlees** omdat hulle Hom nie beter bygestaan het nie? Omdat hulle nou soos lafaards wegkruip in plaas van getuig?
Nee, sy eerste woord is *“Vrede!”* Twee keer sê Hy: *“Vrede vir julle!”*
<u>Elke erediens is ‘n ontmoeting</u> tussen die lewende, opgestane Jesus en sy volgelinge. Of ons nou bang, skuldig, hartseer, moeg, siek, kwaad of tevrede is - Hy kom ontmoet ons waar ons is. Die ontmoeting **begin ook** waar Hy ons groet met die woorde: *“Vrede vir julle!”* Hy het dalk goeie rede, maar Hy kom nie na ons in woede nie. Hy kom in vrede. Sy wil vir ons en ons verhouding met God is vrede.
Hier in die erediens besef ons net weer **hoe lief** God ons het, hoeveel Hy vir ons **omgee,** dat ons **tye** in Sy hand is, dat ons ‘**n hemelse Vader** het. Die gedeelte vir **Verootmoediging** is ook daar sodat ons enigiets wat nog hierdie verhouding mag versteur, kan bely en vergiffenis vind. God gaan ook nie vrede tussen **my en iemand anders** maak nie – dit moet ek self doen.
Wanneer ‘n mens **voluit** aan die erediens deelneem, gaan jy met vrede in jou hart hier uit. Ek hoop dit is van u ook waar.

2. GELOOFSVERSTERKING
Jesus sien die **ongeloof** op die dissipels se gesigte. Daar het seker baie dinge deur hul gedagtes geflits: Is dit hul *verbeelding*, is hulle besig om *seniel* te word? Jesus verwyt of spot hulle nie. Hy **help hulle** om te glo deur hulle die merke in sy hande en sy te wys. Toe kon hulle hoor EN sien dat dit wel Hy is. <u>So is hulle geloof versterk</u>.
God weet **hoe broos** ‘n mens se geloof is. Daar gebeur baie dinge wat ‘n mens wil laat twyfel. Die Here wil ons met elke erediens deur sy **Woord** versterk in ons geloof. Ons het dit **nodig**. Geloof is soos ‘n *plantjie* wat gereeld gevoed moet word. Wanneer jy tot geloof kom, tree jy in ‘n **verhouding** en soos enige verhouding moet hierdie verhouding ook voortdurend gevoed word.

Hier in die erediens versterk Hy ons geloof ook deur **sigbare tekens**. Daar is die water by die doop en die wyn en brood by die nagmaal. Ons noem dit die *sakramente*. Hulle is deur God self daargestel ter versterking van ons geloof. En al doop ons nie elke Sondag nie en al gebruik ons nie elke Sondag die nagmaal nie, behoort die *doopvont* en die *beker en bord* ons daaraan te herinner – soos ook daardie *kruis.*
Ons geloof word verder hier versterk wanneer ons **ander sien en hoor** wat saam met ons ons *geloof bely, geloofsliedere sing* en ander *geloofshandelinge* uitvoer. Net iemand se *handdruk of woord* van bemoediging kan al klaar jou geloof versterk.
Dalk lê die **rede vir baie ongelowige Thomasse** se twyfel daarin dat hulle nie gereeld teenwoordig is wanneer die Here sy volgelinge ontmoet nie.

3. BLYDSKAP
Ons lees dat die dissipels toe *"baie bly"* was. Kan jy jou dit **voorstel?** Ek weet nie hoedat die dissiples dit gedoen het nie – seker nie soos die krieketspelers en sokkerspelers nie! Dalk het hulle hande geklap, Jesus omhels en gesoen, begin sing en dans. Ek kan my nie voorstel dat hulle net daar staan en glimlag het nie…
Die erediens behoort 'n **vreugdevolle geleentheid** te wees. Hier word immers *goeie nuus* verkondig. Ons vier elke Sondag die *opstanding* van Jesus en die *koms van die Heilige Gees*. Ons vier die *geboorte* van die kerk en ons *eie opstanding*. Dit is 'n blydskap *"in die Here"*. Daar het miskien **in die week** verskriklike hartseer goed gebeur, maar in hierdie ontmoeting word ons herinner aan wat regtig saak maak en regtig belangrik is; dat niks van daardie goed ons van die liefde van God *kan skei nie*. Ons besef weer *hoe bevoorreg* ons is om uit genade vergeefde sondaars, kinders en erfgename van God te mag wees!
Hierdie vreugde word **versterk** wanneer ons lekker uit volle bors *lofliedere* sing. Om aan hierdie blydskap uiting te gee deur lofdanse en hande te klap en met al wat 'n instrument is, is natuurlik ook nie verkeerd nie. Soms hoor ons ook van **ander se goeie nuus** en gedeelde vreugde is dubbele vreugde!

4. BOODSKAP
Jesus het ook vir die dissipels 'n **boodskap** gehad. Dit was dalk nie wat hulle op daardie tydstip graag wou hoor nie. Hulle sou dalk baie eerder net daar gebly het waar hulle was en Jesus se teenwoordigheid en lering verder wou geniet het. Maar Jesus **stuur** hulle uit: *"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."* Die ontmoeting het 'n begin en 'n **einde**. Hulle moes nie toelaat dat *vrees* hulle verlam nie. Hulle kan mekaar nie vir altyd daar bly *warm broei* nie. Nee, hulle moes die *vrede en blydskap en goeie nuus* van Jesus wat lewe, van *sonde, oordeel en vergiffenis* (:23) daarvandaan verder gaan versprei.
Die Here **nooi** ons elke Sondag om die erediens te kom bywoon. Daarna **stuur** Hy ons uit met 'n belangrike opdrag. Ons is **almal gestuurdes**, "sendelinge". <u>So kan die erediens ook vir ander iets beteken</u>. Ons mag nie dit wat ons ontvang het, selfsugtig vir onsself hou nie. (L-10-T)

5. TOERUSTING
Die dissipels sou egter nie die opdrag **op hul eie** hoef uit te voer nie. Jesus rus hulle toe met die Heilige Gees. Na die *drie jaar* wat hulle saam met Hom deurgebring het, het hulle genoeg gehad om te gaan vertel. Maar hulle het nog die *krag en die wysheid* van die Heilige Gees nodig gehad.
Elke erediens is 'n noodsaaklike **toerustingsgeleentheid**. Hier in die erediens leer ons *God beter ken*. Soos ek laas week met die voorbeeld van die **potlood** verduidelik het: Hier word ons kennis opgeskerp, verfris, aangevul, onderstreep. Maar kennis is nog nie *alles nie*.
*Gelukkig* het elke kind van God ook die Heilige Gees ontvang. God stuur ons weg met 'n opdrag, maar ons is nie alleen nie. Voordat ons die erediens verlaat, ontvang ons **die seën** waardeur ons verseker word dat die Vader, Seun en Heilige Gees met ons saamgaan.

SAMEVATTING
Gemeente, Jesus se ontmoeting daardie aand met sy dissipels het vir seker 'n **groot verskil** in hul lewens gemaak (vergelyk Thomas). Elke ontmoeting met die Here wat Sondae in eredienstyd plaasvind, kan ook 'n verskil in **u lewe** maak. Dit kan **ook vir ander** van waarde wees. <u>Moet dit nie mis loop nie</u>!

Amen
23/1/11

1. Hoe beleef jy 'n erediens – dalk meer as 'n lesing, vergadering, vertoning, of wat?
2. Daar is meer oor die waarde van 'n erediens te sê as net die 5 dinge wat in die preek aangeraak word. Wat sal jy wil byvoeg of onderstreep?
3. Wie gaan L-10-T?